



Die risiko van hospitalisasie is heelwat hoër vir individue wat nie ingeënt is nie




- Hospitaalopnames in die Verenigde State (VS) is weer besig om toe te neem weens die styging in die aanmelding van **COVID-19-gevalle**.
- Hospitalisasie van individue wat wel ingeënt is, **was egter skaars in die VS**.
- Hoewel inentingskoerse in party state soos New York, Massachusetts en Connecticut nou meer as **70%** is, is dié koers heelwat laer in state soos **Wyoming (48%)**, **Alabama (48.2%)** en **Mississippi (48.8%)**.

Hospitalisasiekoers in VS per 100 000 van die bevolking



Tweederdes van mense wêreldwyd voel hoër inflasie knyp

As jy dink aan die pryse wat jy die laaste paar weke betaal het, blyk dit hoër, laer of dieselfde as ses maande gelede te wees?



Bron: IPSOS Verbruikerspersepsies (20 000 volwassenes, 30 lande, Desember 2021)

Verskeie lande het op die hoër as verwagte inflasiekoers gereageer deur die akkommodasie van monetêre beleid af te wikkell

Rentekoersbewegings oor die wêreld sedert Januarie 2021



Ekonomieë in 'n flits

Januarie 2022

Raming 2022:

BBP: 3.9%

Inflasie: 3.3%

Raming 2023:

BBP: 2.5%

Inflasie: 2.2%

VSA

Kommunikasie van die Federale Reserweraad (Fed) dui daarop dat dit sy planne gaan uitvoer om monetêre beleid strammer te maak ten spyte van die uitwerking van Omicron op korter-termyn groei. Relatief tot die ekonomiese vooruitskatting vir September 2021, verwag die Fed dat verbruikers-prysinflasie in 2022 hoër op 2.6% (van 2.3%) te staan sal kom en kerninflasie op 2.7% (van 2.3%) oor dieselfde tydperk. Die Fed se mediaan vooruitgeskatte beleidsroete dui op drie rentekoers-verhogings van 25 basispunte elk in 2022, drie in 2023 en twee in 2024, wat die koers op 2.1% te staan sal bring. Dit is hoër as die Fed se fondstermyn-kontrakkoers van 1.7%. Deutsche Bank raam dat die Fed vanjaar US\$560 miljard uit sy balansstaat sal onttrek en in 2023 US\$1 triljoen, wat gelykwaardig sal wees aan 'n bykomende 2.5 koersverhogings. Ons meen President Joe Biden se benoemings om die vakante poste in die Fed te vul sal waarskynlik nie die korttermyn-standpunt oor monetêre beleid beduidend beïnvloed nie.

Raming 2022:

BBP: 4%

Inflasie: 3.1%

Raming 2023:

BBP: 2.5%

Inflasie: 1.6%

Eurosone

Onder meer Duitsland, Italië, Frankryk en Nederland het grendeltydbeperkings verskerp in reaksie op die verskyning van die Omicron-variant. Google se mobiliteitsdata vir kleinhandel-/ontspanningsaktiwiteit het egter nie geval tot dieselfde vlakte as toe strenger maatreëls voorheen ingestel is nie. Hoewel tekorte aan die aanbodkant voortduur, het vervaardiging veerkratig tot aan die einde van 2021 gebly en gemiddelde omkeertye daarop gedui dat druk op verskaffingskettings verlig is. Namate die ekonomiese uitwerking van die pandemie afneem, behoort die reuse-gaping in groeiprestasie onder die verskillende lande te krimp met behulp van die Europese Herstelfonds. Hoewel inflasie op rekordvlakte staan, is energiepryse die grootste sondebok en kan dit in die komende kwartale daal. Boonop bly die arbeidsmark slap en dus verwag ons nie dat die Europese Sentrale Bank vanjaar rentekoerse sal verhoog nie.

Raming 2022:

BBP: 4.3%

Inflasie: 4.8%

Raming 2023:

BBP: 2%

Inflasie: 2.1%

Verenigde Koninkryk

Hoewel die meeste onafhanklike vooruitskatting daarop dui dat die ekonomie begin vanjaar dieselfde vlakte as voor die pandemie sal bereik, blyk dit dat die aanvanklike groeihipstoot nadat die ekonomie heropen het, besig is om te verflou. Verder het beperkende fiskale en monetêre beleid huishoudelike inkomste (as gevolg van hoër inflasie en hoër belasting) ingekort en die voortgesette bottlenekke aan die aanbodkant vir grondstowwe en arbeidsmarkte behoort in 2022 teen die groei-momentum in te werk. Groter handels- en immigrasie-beperkings nadat die Europese Unie se enkelmark verlaat is, het hierdie tekorte vererger. Hoë inflasie kan beteken dat die Bank van Engeland verdere stappe sal neem (die Bloomberg-konsensus skat tot 100 basispunte in rentekoersverhogings teen die einde van 2023) om enige verdere verhoging van inflasie-verwagtings te beperk ten spyte van markvooruitskatting dat inflasie teen einde 2022 heelwat sal versag.

Raming 2022:

BBP: 2.8%

Inflasie: 0.9%

Raming 2023:

BBP: 1.4%

Inflasie: 0.8%

Japan

Ten spyte dat die Omicron-variant die vooruitsig vir Japan se dienstesektore onder druk kan plaas, steun die land se hoë inentingskoers (bykans 80%), 'n stadige heropening van die ekonomie en stewige ondersteuning van die regering (¥55.7 triljoen) die groeimomentum in 2022. Verbruiksbesteding behoort te styg met die Mitsubishi Navorsingsinstituut wat raam dat verbruikers tot 37% van hul spaargeld uit die regering se kontantuitgifte sal bestee. Verder sal stygende pryswaarskynlik maatskappye se marges meer beïnvloed as verbruikers in die lig daarvan dat firmas huiwer om stygende koste aan verbruikers oor te dra. 'n U-draai deur premier Fumio Kishida oor die verhoging van kapitaalwinsbelasting, subsidies en belasting-vermindering vir klein ondernemings, 'n tydperk van politieke kalmte en Japan se digitale transformasie-veldtote blyk nietemin firmas in 2022 te ondersteun.

China

Raming 2022:

BBP: 5%

Inflasie: 2.2%

Raming 2023:

BBP: 5.1%

Inflasie: 2%

Ontluikende markte

Die evolusie van die COVID-19-pandemie bly onseker, veral in ekonomiese waar die inentingskoers laag is. Verder het owerhede se flinke reaksie op die krisis dié groep met hoër skuldvlakke gelaat. Die gemiddelde skuldvlak in ontluikende markte het met 64% toegeneem, wat meer as 10% hoër is as aan die begin van 2019. Sleutelverkiesings in belangrike ontluikende markte kan lei tot 'n skuif weg van fiskale besuiniging, wat meer kommer oor openbare skuld kan wek. Verkiesingsklusse kan verder besluite oor ekonomiese beleid en strukturele hervorming domineer. Hoewel die

Fed se afskaling van bate-aankope en verhogings in rentekoerse 'n meer uitdagende landskap vir ontluikende markte kan inhoud, kan goedgekommunikeerde strammer beleid lei tot 'n gunstiger uitkoms in ontluikende markte wat sterk makrobeginnels het, soos 'n gesonder tendensgroei, geloofwaardige instellings, kleiner fiskale en lopende rekeningstekorte of dié wat vordering getoon het met versnelde pogings vir strukturele hervorming.

Raming 2022:

BBP: 5.0%

Inflasie: 4.2%

Raming 2023:

BBP: 4.8%

Inflasie: 3.6%

Suid-Afrika

Ten spyte van kommer dat die feestyd die verspreiding van die Omicron-variant sou aanblaas, het die gesondheidsminister aangekondig dat alle provinsies in Suid-Afrika (SA) teen middel Januarie 2022 die vierde golf agtergelaat het. In die lig van dalende infeksies, oorweeg die nasionale koronavirus-bevelsraad om die ramptoestand op te hef en hom op ander gesondheidsprotokols en regulasies toe te spits. Met die afname in infeksies, het die risiko wat Omicron vir groei ingehou het, na ons mening aansienlik verlaag. Nietemin, globale aanvraag is swakker as wat verwag is, laer internasionale kommoditeitspryse, beperkings op plaaslike kragvoorsiening, voortslepende werkloosheid, die noodsaaklikheid om regeringskuld te stabiliseer en 'n monetêre beleid wat minder akkommoderend is, gee plaaslike groei steeds die wind van voor. Hoewel Reuters se mediaanvooruitskatting vir groei in 2022 met 0.1% tot 2% tussen September 2021 en Januarie 2022 gedaal het, het die mediaanvooruitskatting vir inflasie van 4.4% tot 4.8% gestyg. Vervoerinflasie het bygedra tot die hoër as verwagte inflasiekoers vir Desember 2021, terwyl onderliggende maatstawwe van inflasie hoofsaaklik onveranderd gebly het. Nietemin, die negatiewe inflasieverassing en tekens van die Amerikaanse Fed wat dui op 'n verhoging van rentekoerse, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank genoop om op te tree en rentekoerse met nog 25 basispunte te verhoog om die verwagtinge vir inflasie te temper.

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Januarie 2022

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indeks									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	0.86%	10.43%	23.89%	14.98%	9.31%	10.63%	10.59%	8.84%	11.65%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	2.30%	7.76%	17.98%	10.45%	5.43%	7.72%	7.98%	6.39%	10.69%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	2.39%	8.37%	26.23%	10.77%	5.73%	7.22%	7.64%	6.03%	10.42%
FTSE/JSE Top 40-indeks	1.16%	11.71%	23.22%	16.06%	10.10%	11.60%	10.82%	9.34%	11.82%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	-0.40%	2.23%	25.13%	7.48%	3.51%	3.91%	7.24%	4.58%	9.26%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	-1.30%	4.09%	51.15%	13.74%	6.49%	5.21%	8.96%	5.61%	11.19%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	3.63%	16.27%	30.43%	27.42%	24.36%	21.31%	26.07%	13.54%	7.33%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	3.50%	9.55%	37.69%	0.77%	0.48%	3.73%	4.49%	3.25%	9.94%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-1.93%	6.71%	14.42%	14.46%	5.57%	8.00%	6.64%	6.90%	13.42%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse									
40-indeks (Rafi)	4.03%	14.65%	41.02%	15.37%	10.50%	11.54%	13.75%	9.84%	11.32%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	3.28%	13.01%	39.62%	14.83%	10.00%	10.58%	13.41%	9.27%	10.91%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-2.85%	7.06%	37.44%	-6.65%	-7.35%	-5.21%	-2.05%	-2.10%	5.12%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	-2.87%	6.79%	38.82%	-7.25%	-7.99%	-5.90%	-4.08%	-3.33%	4.56%
Rentedraende-indeks									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	0.85%	4.24%	8.49%	8.39%	8.49%	8.95%	9.42%	7.13%	8.07%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.18%	1.67%	4.18%	7.51%	7.82%	8.22%	8.36%	7.72%	7.39%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	-1.15%	3.38%	12.01%	6.17%	5.43%	4.22%	4.67%	4.64%	6.18%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.34%	1.00%	3.88%	5.40%	5.86%	6.19%	6.40%	6.42%	6.16%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	-3.72%	2.87%	-0.75%	16.11%	14.56%	11.04%	7.34%	9.22%	7.02%
Goudprys (in rand)	-4.71%	3.40%	-1.45%	16.40%	14.77%	11.21%	7.68%	9.61%	7.41%
Platinum Beursverhandelde Fonds	3.21%	2.00%	-4.04%	12.51%	6.83%	3.05%	1.81%	1.13%	
Platinumprys (in rand)	1.44%	0.44%	-4.57%	13.11%	7.11%	3.18%	2.12%	1.17%	-0.77%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-4.31%	-1.44%	-5.02%	4.43%	4.06%	3.55%	0.13%	4.05%	5.44%
Rand/dollar bewegings	-3.01%	1.95%	3.12%	5.32%	6.88%	2.84%	-0.42%	4.21%	7.11%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)	0.57%	1.31%	5.88%	4.32%	4.36%	4.43%	4.82%	4.87%	5.05%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.